Groete van Precept Ministries,

Ons is so bly dat jy gekies het om God se Woord te bestudeer. Daar wag ’n ryk tyd op jou waartydens jy sal leer van God, sy karakter, sy weë en die verhouding wat ons met Hom het. Ons is seker dat God se Woord jou die kennis en moti vering sal bied om jou te help om waardig in jou roeping in Jesus Christus te wandel en dat jy persoonlik uitgedaag, bemoedig en verander sal word deur die krag van sy Woord.

Ons wil graag met jou in verbinding bly sodat jy ons kan vertel van die wonderlike dinge wat God deur Precept Ministries doen. Sal jy ons asseblief op hoogte hou? Ons wil die verhaal hoor van hoe God jou aangeraak het as gevolg van induktiewe Bybelstudie. Sluit aan by ons *Precept Africa* tuisblad, by ons “Online Community” by www.precept.org.za, of op *Facebook* by Precept Ministries Africa.

Ter afsluiti ng wil ons jou bedank vir jou toewyding ten opsigte van die getroue bestudering van God se Woord om jou ***“beproef voor God te stel as ’n werker wat hom nie hoef te skaam nie, wat die woord van die waarheid reg sny”*** (2 Timótheüs 2:15, *1953-Afrikaanse Vertaling*). Daar is ’n spesiale band tussen ons en jou op grond van ons liefde vir God se Woord.

Ons sien daarna uit om van jou te hoor.

***Die Precept-span***

Voorskrif
op
Voorskrif

# *2 Korinthiërs*

## Bedienaars
## van Versoening

VOORSKRIF OP VOORSKRIF

# 2 Korinthiërs
## Bedienaars van versoening

© 2018 Precept Ministries International, Chattanooga, Tennessee U.S.A.  ALL RIGHTS RESERVED.

This work is a translation from the original English language edition of 2 Corinthians: Ministers of Reconciliation authored by Kay Arthur. © 2016, Precept Ministries  , Chattanooga, Tennessee U.S.A.

ALL RIGHTS RESERVED. Used by permission.

© 2018 Precept Ministries International, Chattanooga, Tennessee U.S.A. ALLE REGTE VOORBEHOU. Geen deel van hierdie publikasie mag gereproduseer, vertaal of elektronies, meganies of in enige vorm geberg of versend word sonder die skriftelike toestemming van die uitgewer nie. Hierdie beperking sluit in fotokopiëring, skandering of die berging van enige stof op enige inligtingbergingstelsel. ALLE REGTE VOORBEHOU. Gebruik met toestemming.

Bybel in Afrikaans 1933/1953-vertaling © Bybelgenootskap van Suid-Afrika.  1933, 1953

1ste Uitgawe (130)

Gedruk in Suid-Afrika

Julie 2018

**PRECEPT MINISTRIES (SA)**

**Posbus 539**

**Howard Place**

**7450**

**SUID-AFRIKA**

**www.precept.org.za**

**Tel./Faks +27 021 531-1836**

Gedruk deur Bevan Groep, Strand

# Voorskrif
# op
# Voorskrif

## Inhoud


| Bladsy | Lesse |
|---|---|
| 1 | Les Een: Oorsig |
| 7 | Les Twee: Hoofstuk een en twee |
| 23 | Les Drie: Hoofstuk drie |
| 41 | Les Vier: Hoofstuk vier |
| 55 | Les Vyf: Hoofstuk vyf |
| 71 | Les Ses: Hoofstuk ses |
| 81 | Les Sewe: Hoofstuk sewe |
| 95 | Les Agt: Hoofstuk agt en nege |
| 105 | Les Nege: Hoofstuk tien en elf |
| 119 | Les Tien: Hoofstuk Twaalf en Dertien |

| | Bylae |
|---|---|
| 137 | Waarnemingswerkblaaie |
| 165 | 2 Korinthiërs-oorsigwerkblad |
| 167 | Kaart |
| 169 | Opeenvolging van gebeure in Paulus se lewe na sy bekering |
| 171 | Hoe om ’n hoofstukstudie te doen |

# NUTTIGE STUDIEHULPMIDDELS

## Nuttige Studiehulpmiddels

Arthur, Kay; Arthur, David and De Lacey, Pete
**How to Study Your Bible**
*Eugene, Oregon; Harvest House Publishers, 2010*

**The New Inductive Study Bible**
*Eugene, Oregon; Harvest House Publishers, 2000*

**Griekse Woordstudiehulpmiddels**

## Aanbevole Kommentare

Mare, W. Harold and Harris, Murrey J.
**The Expositor's Bible Commentary: 1 & 2 Corinthians**
*Grand Rapids, Michigan; Zondervan Publishing House, 1995*

Walvoord, John F. and Zuck, Roy B., (Eds);
**The Bible Knowledge Commentary: New Testament**
*Wheaton, Illinois; Victor Books, 1983 - c1985*

Kruse, Colin G.
**2 Corinthians, Revised Edition. Tyndale New Testament Commentaries, Vol. 8**
*Nashville, Tennessee; B &re H Publishing Group, 1994*

## Aanbevole Sagteware

**Logos Bybelsagteware**

Kragtige soekenjins met tot 4,000 elektroniese studiehulpmiddels (kommentare, leksikons, Bybelse ensiklopedieë ens.) maak vinnige, eenvoudige en gevorderde naslaan van veelvoudige bronne moontlik in 'n sistematiese en ordelike aanbieding – ideaal vir woord- en onderwerpstudies gebaseer op die oorspronklike Hebreeuse en Griekse teks. Beskikbaar by www.logos.com.

*Precept Ministries SA*
*Posbus 539*
*Howard Place, 7450, Suid-Afrika*



## LES EEN
### Oorsig

HIERDIE LES SLUIT IN

In die Bylae:

Waarnemingswerkblaaie van 2 Korinthiërs

Kaart

**Verdrukking het oor ons gekom.**
**Ons het dit bo ons krag uitermate swaar gehad**
**sodat ons selfs aan ons lewe gewanhoop het.**
**Ons vlees het geen rus gehad nie.**
**Van buite was daar aanvegtinge;**
**van binne verskrikkinge.**

**Dit is hoe Paulus sy posisie beskryf terwyl hy besig is met die skrywe van 2 Korinthiërs. Hierdie brief is anders as enige ander wat deur hom geskryf is. Baie tydig vir dít wat besig is om te gebeur, nie alleen binne 'n samelewing wat niks met die beperkinge van God se Woord te doen wil hê nie, maar in 'n wêreld waarin die nasies in oproer is en standpunt inneem teen die Here en sy Gesalfde (Psalm 2:1-3).**

**Die vraag is: Is ons gereed, toegerus vir die dae wat voorlê? Hoe gaan hulle wat die naam van Jesus Christus dra, wat aan die Woord van God vashou, hul lewens leef om die aanslag van God se vyande en die snelgroeiende dwaalleer onder hulle te oorwin?**

## DAG EEN

Begin elke dag se studie met gebed en vra God om aan jou kennis, wysheid en begrip te skenk sodat sy oogmerk met die insluiting van hierdie boek in die Bybel in jou vervul mag word en jy volkome toegerus vir elke goeie werk sal wees.

1. Jy sal die teks van die volledige boek 2 Korinthiërs, in die Bylae van hierdie werkboek onder die opskrif Waarnemingswerkblaaie vind. Ons voorsien dit aan jou sodat jy die teks kan merk op 'n manier wat jou sal help om die inhoud daarvan beter waar te neem.

*© 2018 Precept Ministries International*

Gebruik die Waarnemingswerkblad, lees 2 Korinthiërs 1:1 en merk of kleur verwysings na die outeur(s) en die ontvangers, elkeen op 'n ander manier. Aangesien jy hulle dikwels gaan merk, moet jy 'n vinnige en maklike merkwyse kies. Ons wil graag voorstel dat jy 'n kleur vir elkeen kies wat die standaard sal word vir die merk van al die sendbriewe in die Nuwe Testament. Gebruik byvoorbeeld blou vir die outeurs en oranje vir die ontvangers.

2. Beantwoord die volgende deur die inhoud van 2 Korinthiërs 1:1 te gebruik:

   a. Wie is die outeurs en hoe beskryf hulle hulself?

   b. Aan wie skryf hulle? Waar is hulle?

3. Goed – jy weet nou wie skryf en aan wie! Kom ons kyk wat ons omtrent **hulle verhouding tot mekaar** kan leer. Lees 2 Korinthiërs 1:1–3:4.

   a. Merk voornaamwoorde wat na die outeurs verwys, byvoorbeeld *ons*.

   b. Merk enigiets wat aandui *waar*. Jy kan dit met 'n groen dubbellyn onderstreep. Stel dan vas wat die ligging van die plekke op die kaart is.

4. Merk nou verwysings na die ontvangers, byvoorbeeld *julle* en *broeders*. Begin by 1:6 en werk deur tot by 3:4.

## DAG TWEE

1. Wanneer jy met gebed begin, moet jy God vra om jou insig te gee in wat Paulus so gepla het dat hy hierdie sendbrief geskryf het en wat sy (God se) verderliggende rede was om dit in die Bybel in te sluit.

   Dalk moet jy Hom ook vra om jou te wys met watter doel Hy jou 2 Korinthiërs laat bestudeer. Waarom verlang die Vader dat ons hierdie dinge moet weet? Handel dit slegs oor meer kennis – bekendheid met die teks? Of is daar waarhede wat op ons lewens toegepas moet word, voorskrifte wat ons sal help om 'n meer Christus-gelykvormige lewe te leef, 'n lewe wat waarlik in elke opsig aan God welgevallig is?

 © 2018 Precept Ministries International

2. Lees die Waarnemingswerkblaaie van 2 Korinthiërs 1:1-3:4 wat jy reeds gemerk het en fokus op die plekke waar die outeur en die ontvangers van die brief gemerk is.

   Gebruik die ruimte hier onder en som op wat jy waargeneem het omtrent die **stand van sake tussen Paulus en die Korinthiërs.**

## DAG DRIE

Ons sit nou die voorlopige deurlees van Paulus en Timótheüs se brief aan die Korinthiërs en die heiliges in Achája voort om vas te stel wat ons self aangaande **hul verhouding** kan ontdek. Dit sal aan jou grondige insig bied in dit waaroor 2 Korinthiërs handel en waarom dit geskryf is.

Terloops, as jy vantevore *Voorskrif op Voorskrif*-studies bestudeer het, sal jy vind dat hierdie oorsig verskil van die ander wat jy gedoen het. Die rede is dat dit aangepas is om nommerpas vir die struktuur van 2 Korinthiërs te wees.

1. Lees hoofstuk 3:4-18 en hoofstuk 4.

   a. Merk soos vantevore

      1) verwysings na die outeur wat nie redaksionele verwysings na "ons" is of "ons s'n" is nie, maar wat sowel die outeur as die ontvangers insluit en wat op algemene waarhede dui wat vir alle gelowiges geld.

      2) verwysings na die ontvangers.

   b. Som nou in die ruimte hieronder op wat jy uit hierdie hoofstukke oor die toedrag van sake tussen Paulus en die Korinthiërs waargeneem het.

© 2018 Precept Ministries International

c. Is daar enigiets wat jou aan die hart gryp wanneer jy hierdie dinge oor die outeurs lees - enige oortuiging, vrae of enigiets waarop die Gees van God jou aandag vestig? Skryf dit neer.

2. Lees hoofstuk 5 en gaan voort om die outeur(s) en ontvanger(s) te merk. Gebruik die ruimte hieronder om op te som wat jy waargeneem het omtrent hul onderlinge **verhouding**. Weerstaan die versoeking om alles omtrent hulle neer te skryf!

*Jy het ongetwyfeld agtergekom dat hierdie nie 'n maklike boek is om te verstaan nie, maar staan vas! Soos jou studie vorder, sal dinge mettertyd duideliker word.*

3. Lees hoofstuk 6. Merk verwysings na Paulus en die ontvangers en som dan in die ruimte hieronder enige insigte aangaande hul verhouding op.

4. Die laaste hoofstuk wat ons vandag bestudeer, is hoofstuk 7.

   a. Lees die hoofstuk en merk die teks soos voorheen: die skrywer en die ontvangers, sowel as al die plekke sodat jy dit op die kaart kan naslaan.

   b. Let op alles wat jy in die hoofstuk gemerk het. Wat leer jy omtrent die verhouding tussen hulle?


© 2018 Precept Ministries International

*Hierdie voorlopige ondersoek van 2 Korinthiërs sal goeie vrugte afwerp. Moet dus nie moeg word nie. Hierdie boek is so ryk aan praktiese lering. Die waarhede daarvan sal jou staande hou en versterk in die moeilike tye van hierdie laaste dae.*

## DAG VIER

1. Lees hoofstuk 8 en 9 nadat jy gebid het.

   a. Terwyl jy daarmee besig is, moet jy die outeur en die ontvangers, sowel as die plekke waarna verwys word, merk.

   b. Gaan voort om alles wat jy omtrent **hul verhouding** waargeneem het, op te som.

2. Lees nou hoofstuk 10. Hierdie hoofstuk sal jou oë nog verder oopmaak vir wat in Korinthe aan die gebeur was.

   a. Merk verwysings na die *outeurs*, die *ontvangers* en die *plekke*.

   b. Som slegs dit op wat jy omtrent **hul verhouding** waarneem.

*© 2018 Precept Ministries International* 

# Voorskrif op Voorskrif

***2 Korinthiërs***
*Les 1, Oorsig*

## Dag Vyf

Jy het 'n mylpaal bereik om by die laaste dag van hierdie week te kom - om jouself te dissiplineer om Hom in sy Woord te soek. Jy herinner ons aan 2 Timótheüs 2:15 ... en 2 Korinthiërs 5:9! As jy nie hierdie verse ken nie, stop en slaan hulle na. Dit sal groot dividende oplewer. Bid en begin.

1. Lees hoofstuk 11-13 en merk die outeur, ontvangers en plekaanwysings. Terloops, jy sal nie almal van hulle in elke hoofstuk vind nie.

2. Bepeins deeglik alles wat jy gemerk het en som **nuwe** waarnemings omtrent die **verhouding** tussen die outeur en die ontvangers op.

3. Waarom skryf Paulus volgens 13:10?

*Ons dank God vir elke getroue student van sy Woord!*

 © 2018 Precept Ministries International